DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Weerklank

**Winter 2026**

## *Kerkorrelmusiek verbly steeds*



## In hierdie uitgawe

- Gemeentebediening
- Ontmoet ons nuwe Kerkraadsvoorsitter
- Orreltradisie lewend en gesond
- Kontemplatiewe aanbidding

## HUISHOUDELIKE REGLEMENT VIR DIE GEMEENTEBEDIENINGSKOMMISSIE

*Dié Kommissie is in Februarie 2026 weer ingestel nadat dit gedurende die Covid-tyd afgestel is. Hierdie artikel dien om die gemeente inte lig oor die ingesteldheid van die Kommissie op die geestelike groei van die gemeentelede.*

Die Gemeentebedieningskommissie onderskryf die roeping wat die Here vir die gemeente gegee het, naamlik om ambassadeurs van hoop en ligdraers te wees vir die mense woonagtig nie net in die Kogelberg-area nie, maar ook wyer. Die verteenwoordigers op hierdie kommissie is ingestel op 'n intieme verhouding met God en om met Hom in pas te wees.

Die Gemeentebedieningskommissie sluit die volgende bedieninge van NG Kogelberg in:

- Eredienste;
- Gebed;
- Kleingroepe;
- Ekobediening;
- Gasvryheid;
- Bediening vir nuwe intrekkers;
- Toerusting van lidmate;
- Gemeenteprojekte
- Mannebediening;
- Vrouebediening;
- Senior lidmate; en
- Familiebediening.



Lede van die Eko-bediening tydens verlede jaar se Algemene Byeenkoms.

Hierdie bedieninge is saam met die wyksrade in een missionale gemeenskap wat op sy beurt saam met God werksaam is. Ons luister na God en kyk waar Hy werksaam is. Ons luister na mekaar en na die omliggende gemeenskap sodat ons verskillende teikengroepe volgens hulle aard kan bedien. Ons bedien vanuit die inspirasie van die Heilige Gees.

Die voorsitter van die Gemeentebedieningskommissie dien as ouderling in die Kerkraad.

Die taak van die Kommissie is om:

1. Toe te sien dat die bedieninge hierbo gelys, in lyn is met die take en fokusse van die Kerkraad. Sien die jaarplan van die Kerkraad.

2. Die bestuur van die bedieninge behels die volgende funksies:

   - Die bemagtiging van gemeentelede deur middel van prediking, gebedsgroepe, mmgee- en Bybelstudiegroepe.
   - Die kommissie moet ‘n studie maak van die lewensfases, lewensomstandighede en lewenspatrone van die lidmate in die gemeente sodat toepaslike programme vir verskillende teikengroepe ontwikkel kan word. Hierdie inligting word tweejaarliks ingesamel deur middel van vraelyste en opnames.
   - Bediening vind vanuit ‘n holistiese perspektief plaas wat die emosionele, spirituele en fisieke fasette van die gemeentelede in aanmerking neem.
   - Aandag moet bestee word aan die uitbreiding van gebedsgroepe en die verdieping van lidmate se persoonlike verhouding met die Here.
   - Lidmate se Bybelkennis moet na gelang van hul behoeftes uitgebrei word deur middel van Bybelskole, studiegroepe en manne- en vrouegroepe. Sulke groepe moet gemobiliseer en in stand gehou word.
   - Lewensvatbare programme wat die lewenskwaliteit van mans, vroue en kinders verhoog, moet ontwikkel word.
   - E-kommunikasie moet doelbewus ingespan word om geestelike inhoud na verskillende teikengroepe oor te dra.

3. Daar moet aan die Kerkraad verslag gedoen word om seker te maak die bedieninge is volhoubaar en funksioneer gesond, en sodat die werk finansieël ondersteun kan word.

4. Die Gemeentebedieningskommissie moet kwartaalliks vergader en ‘n verslag moet aan die Kerkraad voorgel word.

*Marita Grobler (Voorsitter: Gemeentebedieningskommissie)*

# DIE VREUGDE VAN ORRELSPEL IN DIE EREDIENS

Terwyl al hoe meer gemeentes verkies om in die plek van orrelmusiek eerder begeleiding met elektroniese of digitale instrumente, sangers met mikrofone, klankversterking en selfs dromme te gebruik, bly tradisionele orrelmusiek nog altyd gewild by talle kerkgangers.

Die NG gemeente Kogelberg is geseënd deurdat dit in die Kleinmondkerk steeds 'n volwaardige orrelgalery het, met imposante pyporrel en al. Lidmate en besoekers wat op ‘n Sondagoggend die erediens daar bywoon, kan die voorreg geniet om lof- en aanbiddingsliedere met orrelbegeleiding te sing.

Orrelis Rika Steenkamp is reeds byna agt jaar in dié rol en met haar pragtige bos rooi hare is sy 'n instelling agter die instrument.

Sy sê een van die redes waarom kerkorrels nie meer ‘n vanselfsprekende gegewe is nie, is omdat kleiner of nuwe gemeentes nie noodwendig die onderhoud van ’n pyporrel kan bekostig nie. “Dis egter ‘n voorreg om in ‘n gemeente soos NG Kogelberg te wees, waar die orrel en orrelspel so deur gemeentelede waardeer word. Dit gee ‘n mens ‘n hupstoot om aan te hou, meer te oefen, en beter te doen.”



## Waar kom Rika se liefde vir orrelmusiek vandaan?

As pastoriekind was ek sedert babadae elke Sondagoggend en -aand blootgestel

aan orrel-en kerkmusiek, en my ouers het die RSG-versoekprogram ‘U eie keuse’ op Saterdagaande  nooit gemis nie. Op 8 jaar het ek in Bloemfontein begin met klavierlesse en het toe reeds besluit dat ek eendag ‘n musiekjuffrou wil wees. Op 14 jaar, toe ons op Magaliesburg gewoon het, het ek saam met ‘n effens ouer gemeentelidvriendin Vrydae nà skool olrrellesse gehad by Willem Zorgmann in Krugersdorp. Op Potchefstroom het ek as vyftienjarige klavier- en orrellesse voortgesit by Martie Koornhof aan die Konservatorium van die PUK, tot aan die einde van my finale B-mus-jaar. Ook het ek in gemeentes afgelos vandat ek in standert 9 (graad 11) was.

# *EN KOLLIG OP ORRELIS RIKA STEENKAMP*



## Wie is Rika Steenkamp, en wat het haar en haar man, Cassie, destyds Kleinmond toe gebring?

“Ek het as pastoriekind in vyf dorpe grootgeword: Pietersburg, Bloemfontein, Rustenburg, Magaliesburg en Potchefstroom. (Sodra ons liewe pa ‘n beroep aanvaar het, moes ons maar inpak en trek!)

Reeds op 16 het ek verlief geraak op Cassie toe ons saam in Gimmies was, en ons het saam op die PUK studeer en daar getrou. Ons is al byna 6 dekades saam en ek waardeer sy begrip en ondersteuning vir al die ure se klavier- en orreloefening geweldig.

Ons het in Darling goeie vriende gehad wat Kleinmond toe verhuis het, en nadat ons hier vir hulle kom kuier het, het Cassie opgemerk: ‘Kom ons trek Kleinmond toe!’ Dit was die beste besluit ooit…”

## Wat is jou mening en gevoel oor die voortgesette rol van orrelmusiek in ons eredienste?

“Ek dink solank die orrelmusiek en -begeleiding kan bydra tot die sinvolle ontmoeting tussen die gemeente en ons Here, en solank daar jong orrelistes opgelei word, sal dit altyd ‘n rol kan speel. “In Europese lande soos Duitsland, word die orrel steeds na baie eeue as ‘n kosbare konsert- en Begeleidingsinstrument gesien, en deur gemeentes in hulle eredienste gewaardeer.”

## Wat is jou mening oor ons plaaslike komponiste van orrelmusiek, en het jy enige gunsteling werke?

Ons beskik oor ‘n ryke skat van verwerkings deur Suid-Afrikaanse komponiste, sê Rika.

“Ek vind veral aanklank by die werke van die komponis Niel van der Watt van Bettysbaai. As ek die laaste maat van sy komposisie speel, en onderaan staan: “ Soli Deo Gloria” dan wil ek hardop beaam: ”Amen!”

Ander SA komponiste wie se werke haar hart aanraak, is o.a. Alexander Guilmant, Albert Troskie van Port Elizabeth, Jacobus Kloppers, gebore in Krugersdorp (professor in musiek in Kanada vir baie jare), Zorada Temmingh, en Hester Eigner.

***Soli Deo Gloria***

# Nuwe Kerkraadsvoorsitter bring helderheid, rigting en geestelike diepte

Sedert prof. **Marius Ungerer** drie jaar gelede permanent op Pringlebaai kom woon het, het sy stil, strategiese betrokkenheid reeds ’n merkbare verskil gemaak in die manier waarop ons gemeente dink, beplan en funksioneer. Hy verkies om agter die skerms te werk, maar sy bydrae is sigbaar in die helderheid van ons roeping, die kwaliteit van ons gesprekke en die doelgerigtheid waarmee ons beweeg.

Dit is dus geen verrassing nie, dat hy kort ná sy verkiesing tot die Kernkerkraad as verteenwoordiger van die **Begeleidingspan,** in die “warm stoel” van voorsitter beland het. Die gemeente het immers ’n weldeurdagte **missie**, **roepingsverklaring** en **strategie** wat nou tot uitvoering gebring moet word - en Marius was deel van die (nou ontbinde) **Visioneringskommissie** wat hierdie rigting help vorm het.

## ’n Leier met strategiese insig én geestelike diepte

Marius is ’n emeritus-professor in **Strategiese Bestuur** en steeds betrokke by die Universiteit Stellenbosch se Besigheidskool. Saam met **Guillaume Smit**, lektor in Teologie en Bedieningspraktyk aan die Hugenote Kollege, het hy verlede jaar die boek *Following Our North Star* gepubliseer - ’n werk wat veel meer is as ’n sakeboek. Dit is ’n rigtingwyser vir die lewe: vir die werkplek, vir gemeenskappe, en vir die innerlike wêreld van die mens.

Marius se kundigheid lê op die gebied van **strategiese bestuur**, **leierskap** en **organisasiedinamika**, terwyl hy ook as **bedryfsielkundige** en **konsultant** vir ondernemings en nie-winsgedrewe organisies optree. Sy benadering is deurdrenk van die oortuiging dat werk nie ’n straf of ’n vloek is nie, maar ’n **gawe** — ’n ruimte waar vreugde, roeping en menswaardigheid kan saamvloei.

## Werk as roeping, nie las nie

Een van die gedagtes wat bly hang wanneer Marius oor sy boek praat, is dat die gesindheid waarmee ons aanbid, behoort ooreen te stem met die gesindheid waarmee ons werk. Ootmoed, ontvanklikheid, medemenslikheid en naasteliefde is nie net vir Sondae bedoel nie; dit is die grondtoon van 'n lewe wat God se teenwoordigheid ernstig opneem.

"Leiers met 'n sterk spirituele fondament is beter toegerus om stres te hanteer en om deurdagte, innoverende en etiese besluite te neem," skryf hy in die voorwoord van die boek.

Hierdie insig is nie vergesog nie. Dit herinner ons dat geloof nie 'n aparte afdeling van die lewe is nie, maar die **fondament** waarop selfs die sogenaamd harde, wêreldse werksomgewing rus.

## Wat dit vir die kerk beteken

Vir die kerk as werksplek - en vir die kerkraad as span – bring Marius waardevolle perspektiewe oor die klassieke bestuursfunksies van beplanning, organisasie, leiding en beheer. Spiritualiteit, sê Marius, gee nie net innerlike krag nie, maar ook veerkragtigheid of 'n ratsheid (soos hy dit noem) - 'n kwaliteit wat onontbeerlik is in 'n wêreld vol onsekerhede en kompleksiteite.

Hierdie denke is in lyn met die pad waarop die Kogelberg-gemeente tans stap: 'n gemeente wat nie net wil oorleef nie, maar met helder roeping en hoopvolle verbeelding wil leef.

## 'n Mens tussen mense

Marius is getroud met **Ingrid**. Hulle het twee volwasse seuns in professionele beroepe. Die oudste is getroud en daar is twee kleinseuns wat baie vreugde aan hul oupa en ouma verskaf.

Agter die professor, die strateeg en die denker staan 'n mens met warmte, humor en 'n diep liefde vir die Here se kerk.



# Stilte in 'n Besige Wêreld

*Ons leef in 'n wêreld vol geraas. Ons dae word gevul met kennisgewings, skerms, verantwoordelikhede en 'n eindelose stroom inligting. Dit is daarom geen verrassing dat baie mense verlang na rus, stilte en ruimte om weer bewus te word van God se teenwoordigheid nie. Die vraag is natuurlik: Hoe kry 'n mens dit reg, en waar begin jy as gelowige?*

*Die teoloog John de Gruchy skryf dat ons tyd 'n besondere geleentheid bied om ou Christelike praktyke van stilte, gebed en nadenke te herontdek. Hierdie geestelike stilte is nie 'n ontsnapping uit die wêreld nie, maar juis 'n manier om God se teenwoordigheid in ons alledaagse lewe raak te sien. Een van my gunstelingtekste in die Bybel, Psalm 46, herinner my altyd aan die woorde: "Wees stil en weet dat Ek God is." Dit herinner my dat ons nie altyd baie hoef te praat voor of met God nie. Soms dink ons gebed beteken dat ons iets moet sê, maar dikwels begin gebed deur eenvoudig stil te word en te luister. Wanneer ons stil word, ontdek ons dat God reeds daar is en dat ons net hoef te luister.*

*Hierdie maand nooi ons mekaar uit om doelbewus ruimtes van stilte te skep. Gaan stap in die natuur en let op die skoonheid van God se skepping. Sit vir 'n paar minute stil met 'n Psalm en luister – begin gerus by Psalm 46. Selfs gewone take soos skottelgoed was, tuinwerk doen of 'n koppie koffie drink kan geleenthede word om bewus te raak van God se teenwoordigheid. My gunstelingtyd is om op ons uitskopstoel te sit, met 'n kaggelvuurtjie en 'n lekker koppie koffie, en net te wees.*

*Die besonderse is dat geestelike groei nie net in die kerkgebou gebeur nie. Dit gebeur ook langs 'n bergpaadjie, in 'n tuin, by die kombuiswasbak en in die stilte van ons eie harte. Daar leef God elke dag saam met ons.*

*Mag ons hierdie maand die moed hê om stadiger te leef, die stilte te omarm en die stem van God opnuut te hoor.*

***Ds. Stephan Naudé***